(3) Ten einde toegang tot die howe te bevorder en in die belang van geregtigheid, kan 'n hof, by 'n onderhoud wat ingevolge artikel 54(1) van die Wet saamgeroep is, met enige bepaling van hierdie reëls wegdoen en leiding gee oor die prosedure wat die partye moet volg om so spoedig, doeltreffend en goedkoop as moontlik oor die aksie te beskik.

(4) *(a)* Die vorms wat in Aanhangsel 1 bevat word, kan afgewissel word soos die omstandighede vereis.

(b) Behoudens die bepalings van paragraaf *(a)*, kan die klerk of griffier van die hof weier om—

(i) enige dagvaarding uit te reik wat voorgee om in die vorm van Vorm 2, 2A, 2B, 2C of 3 te wees, maar wat nie wesenlik aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie; of

(ii) enige skriftelike versoek uit te reik soos in artikel 59 van die Wet bedoel, wat nie wesenlik aan ’n versoek vervat in Vorm 5A of 5B voldoen nie.

(c) Alle prosesstukke van die hof vir betekening of uitvoering en alle dokumente of afskrifte wat by die stukke van die saak ingedien moet word, behalwe dokumente of afskrifte wat as dokumentêre bewys by die stukke van die saak ingedien word, moet op standaard A4-papier wees tensy dit in elektroniese formaat ingedien is.”.

Vervanging van reël 16 van die Reëls

3. Reël 16 van die reëls word hierby deur reël 16 vervang:

“**16. Verdere besonderhede**

(1) Behoudens subreëls (2), (3) en (4) word verdere besonderhede nie versoek nie.

(2) *(a)* Enige party kan, binne 20 dae sedert die blootlegging van dokumente in reël 23 voor voorsiening gemaak, ’n kennisgewing aflewer wat slegs sodanige verdere besonderhede aanvra soos volstrek noodsaaklik is om hom of haar in staat te stel om vir verhoor gereed te maak.

(b) Gehoor moet binne 10 dae sedert die ontvangs daarvan aan ’n versoek beoog in paragraaf *(a)* gegee word.

(3) ’n Versoek om verdere besonderhede vir verhoor en die antwoord daarop moet deur ’n prokureur onderteken word of, as ’n party nie verteenwoordig is nie, deur daardie party.

(4) As ’n party wat ingevolge hierdie reël gevra is om enige besonderhede te verstrek, versuim om dit tydig of voldoende te verstrek, kan die party wat die besonderhede gevra het, by die hof aansoek doen om ’n bevel vir die lewering daarvan of vir die afwysing van die aksie of skrapping van die verweer, waarna die hof sodanige bevel kan maak soos die hof goedvind.

(5) ’n Hof moet by die afhandeling van ’n verhoor uit eie beweging oorweeg hetsy die verdere besonderhede volstrek noodsaaklik was, al dan nie, en moet alle kostes van en voortspruitend uit enige onnodige versoek of antwoord, of beide, nie toelaat nie.”.

Vervanging van reël 22 van die Reëls

4. Reël 22 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**Terolleplasing vir verhoor**

(1) Die verhoor van ’n aksie is onderhewig aan aflewering deur die eiser, ná sluiting van die pleitstukke, van kennisgewing van verhoor vir ’n dag of dae deur die griffier of klerk van die hof goedgekeur: Met dien verstande dat, as die eiser nie binne 15 dae ná sluiting van die pleitstukke, kennisgewing van verhoor aflewer nie, die verweerder dit kan doen.

(2) Die aflewering van kennisgewing van verhoor werk outomaties om terselfdertyd enige terugvordering deur die verweerder terolle te plaas vir verhoor.

(3) Aflewering van kennisgewing van verhoor moet ten minste 20 dae voor die aldus goedgekeurde dag uitgevoer word.

(4) *(a)* By ontvangs van ’n aansoek om ’n verhoordatum, moet die griffier of klerk van die hof die hoflêer trek en dit na die landdros neem sodat die landdros kan oorweeg hetsy ’n voor-verhooronderhoud ingevolge artikel 54 van die Wet nodig is.

(b) Behoudens paragraaf *(a),* moet ’n verhoordatum binne 10 dae vanaf ontvangs van die aansoek om ’n verhoordatum, vasgestel word: Met dien verstande dat ’n verhoordatum in bestrede aksies slegs vasgestel kan word nadat die landdros die saak as verhoorgereed gesertifiseer het in aangeleenthede wat geag word gepas te wees vir regterlike saakbestuur deur die hof.

(c) By vasstelling van ’n datum vir verhoor, moet die griffier of klerk van die hof alle partye oor die vasgestelde datum inlig.

(5) *(a)* In egskeidingsaksies of aksies vir nietigverklaring van ’n huwelik, ondanks enigiets in hierdie reël vervat, moet die griffier van die hof by skriftelike versoek deur die eiser, die aksie terolleplaas vir verhoor op die tyd en by die plek en op ’n datum wat die griffier van die hof moet vasstel, indien die verweerder—

(i) versuim het om kennisgewing van voorneme om te verdedig af te lewer; of

(ii) versuim het om ’n verweerstuk ingevolge reël 21B(2) af te lewer; of

(iii) skriftelik aan die eiser en die griffier of klerk van die hof kennis gegee het dat hy of sy nie voornemens is om die aksie te verdedig nie,

maar geen kennisgewing van sodanige versoek of terolleplasing hoef aan die verweerder afgelewer te word nie.

(b) Indien minderjarige kinders betrokke is, moet die kantoor van die gesinsadvokaat ingelig word van die datum waarvoor die aangeleentheid vir verhoor terollegeplaas is.

(6) Wanneer ’n onbestrede egskeidingsaksie uitgestel word, kan die aksie voor ’n ander hof voortgesit word ondanks die feit dat getuienis gegee is.

(7) ’n Party wat kennisgewing van die verhoordatum van ’n aksie ontvang moet, indien sodanige party nog nie blootlegging ingevolge reël 23 gedoen het nie, binne 20 dae ’n beëdigde verklaring aflewer wat aan reël 23(2) voldoen.”.

Invoeging van reël 22A tot die Reëls

5. Die volgende reël word hierby ná reël 22 van die Reëls ingevoeg:

“ **22A. Vergadering tussen partye ter voorbereiding vir voor-verhooronderhoud of verhoor**

(1) ’n Party wat ’n kennisgewing vir ’n voor-verhooronderhoud waarvoor artikel 54 van die Wet voorsiening maak of vir verhoor ontvang, kan binne 10 dae ’n kennisgewing aflewer ter vasstelling van ’n datum, tyd en plek vir ’n vergadering tussen die partye om vir sodanige voor-verhooronderhoud of verhoor voor te berei.

(2) *(a)* Die partye kan die vergadering bedoel in subreël (1) per telefoniese of elektroniese middele hou.

(b) Die datum, tyd, plek of vorm van die vergadering in subreël (1) bedoel, kan by ooreenkoms tussen die partye gewysig word: Met dien verstande dat sodanige vergadering nie later nie as 10 dae voor die datum van die verhoor gehou word.

(3) Elke party moet, nie later nie as 5 dae voor die vergadering in subreël (1) bedoel, elke ander party voorsien van ’n lys van—

(a) die toelatings wat sodanige party vereis;

(b) die navrae wat sodanige party sal rig en wat nie in ’n versoek om verdere besonderhede vir verhoor, ingesluit is nie;

(c) ander aangeleenthede aangaande voorbereiding vir verhoor wat sodanige party vir bespreking sal opper.

(4) By die vergadering in subreël (1) bedoel, moet die aangeleenthede in subreëls (3) en (5) vermeld, hanteer word.

(5) Die notule van die vergadering in subreël (1) bedoel, moet voorberei en onderteken word deur of namens elke party en die volgende moet daaruit blyk:

(a) Die datum, plek, vorm en tydsduur van die vergadering en die name van die teenwoordige persone;

(b) as ’n party benadeel voel omdat ’n ander party nie aan die hofreëls voldoen het nie, die aard van sodanige nievoldoening en benadeling;

(c) dat elke party wat regshulp eis sodanige party se opponent gevra het om ’n skikkingsvoorstel te doen en dat daardie opponent daarop gereageer het;

(d) hetsy enige geskilpunt deur die partye verwys is vir bemiddeling, arbitrasie of beslissing deur ’n derde party en die grondslag waarop dit aldus verwys is;

(e) hetsy die saak na ’n ander hof oorgeplaas moet word;

(f) hetsy die saak ingevolge reël 29(6) geskei moet word;

(g) die erkennings deur elke party gemaak;

(h) enige geskil aangaande die plig om te begin of die bewyslas;

(i) enige ooreenkoms aangaande die oorlê van getuienis by wyse van ’n beëdigde verklaring ingevolge reël 29(16);

(j) watter party vir die maak van afskrifte en ander voorbereiding van dokumente verantwoordelik sal wees;

(k) watter dokumente of afskrifte sonder verdere bewyse as getuienis sal dien van wat hulle voorgee om te wees, welke uittreksels bewys kan word sonder om die hele dokument of enige ander ooreenkoms aangaande die bewys van dokumente; en

(l) hetsy die partye gereed is om met die verhoor voort te gaan.

(6) Die notules in subreël (5) bedoel, moet deur die eiser by die griffier of klerk van die hof ingedien word nie later nie as vyf dae voor die voor-verhooronderhoud of verhoordatum.

Vervanging van reël 23 van die Reëls

6. Reël 23 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**23. Blootlegging van dokumente**

(1) *(a)* Enige party tot enige aksie kan vereis dat enige ander party daarby, by skriftelike kennisgewing, blootlegging onder eed doen binne 20 dae van alle dokumente en band-, elektroniese, digitale of ander vorme van opnames aangaande enige aangeleentheid wat in sodanige aksie ter sprake is, hetsy sodanige aangeleentheid ontstaan het tussen die party wat blootlegging vereis of nie, wat in besit of onder beheer van sodanige ander party is of enige tyd was.

(b) 'n Kennisgewing ingevolge paragraaf *(a)* word nie, behalwe met die toestemming van 'n landdros, voor die sluiting van pleitstukke gegee nie.

(2) *(a)* 'n Party wat blootlegging moet doen, moet binne 20 dae of binne die tyd gestel in enige bevel van 'n landdros, sodanige dokumente blootlê op beëdigde verklaring wat wesenlik dieselfde is as Vorm 13 van Aanhangsel 1, wat apart vermeld—

(i) sodanige dokumente en band-, elektroniese, digitale of ander vorme van opnames in sy of haar besit of in besit van sy of haar agent behalwe die dokumente en bandopnames in paragraaf *(b)* vermeld;

(ii) sodanige dokumente en band-, elektroniese, digitale of ander vorme van opnames ten opsigte waarvan hy of sy 'n geldige beswaar het om te verstrek; en

(iii) sodanige dokumente en band-, elektroniese, digitale of ander vorme van opnames wat hy of sy of sy of haar agent in sy of haar besit gehad het, maar nie meer het nie, op die datum van die beëdigde verklaring.

(b) 'n Dokument word geag voldoende gespesifiseer te wees as dit as een van 'n bondel dokumente van 'n gespesifiseerde aard beskryf word, wat deur die deponent geparafeer en agtereenvolgend genommer is.

(c) Verklarings van getuies wat vir die doeleindes van die verrigtinge afgeneem is, kommunikasie tussen prokureur en kliënt en tussen prokureur en advokaat, pleitstukke, beëdigde verklarings en kennisgewings in die aksie sal uit die bylaes uitgelaat word.

(3) Indien enige party glo daar is, benewens dokumente of band-, elektroniese, digitale of ander vorms van opnames wat ingevolge hierdie reël blootgelê is, ander dokumente, met inbegrip van afskrifte daarvan, of band-, elektroniese, digitale of ander vorms van opnames is wat op enige aangeleentheid wat ter sprake is, betrekking kan hê, in die besit van enige ander party daarby, kan die eersgenoemde aan laasgenoemde kennis gee waarin van die laasgenoemde vereis word om dit ter insae

beskikbaar te stel ooreenkomstig subreël (6), of om onder eed binne 10 dae te stel dat sodanige dokumente of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opnames nie in sy of haar besit is nie, in welke geval sodanige party moet stel waar dit is, indien hy of sy weet.

(4) 'n Dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorms van opname wat nie blootgelê is soos ingevolge hierdie reël versoek, mag nie, behalwe met die toestemming van die hof toegestaan op sodanige voorwaardes wat die hof goedvind, vir enige doel by die verhoor gebruik word nie deur party wat verplig was, maar versuim het, om dit bloot te lê, met dien verstande dat enige ander party sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorms van opname mag gebruik.

(5) *(a)* Waar die Fonds soos deur die Padongelukfondswet, 1996 (Wet No. 56 van 1996), 'n party is tot enige aksie uit hoofde van die bepalings van daardie Wet, enige party by sodanige aksie blootlegging kan kry op die wyse in paragraaf *(d)* voorsien teen die bestuurder of eienaar of korttermynversekeraar van die voertuig of werkgewer van die bestuurder van die voertuig, in daardie Wet bedoel.

(b) Paragraaf *(a)* moet van toepassing wees met gepaste veranderinge op die bestuurder of eienaar of korttermynversekeraar van die voertuig of werkgewer van die bestuurder van 'n voertuig in die Padongelukfondswet, 1996, bedoel.

(c) Waar die eiser as sessionaris dagvaar, het die verweerder dieselfde regte kragtens hierdie reël teen die sedent, met nodige veranderinge.

(d) 'n Party wat blootlegging ingevolge paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* vereis, moet dit by kennisgewing doen wat wesenlik dieselfde is as Vorm 14 van Aanhangsel 1.

(6) *(a)* Enige party kan te eniger tyd by kennisgewing wat wesenlik dieselfde is as Vorm 15 van Aanhangsel 1, vereis dat enige party wat blootlegging gedoen het om enige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname wat ingevolge subreëls (2) en (3) openbaar gemaak, ter insae beskikbaar te stel.

(b) 'n Kennisgewing waarvoor in paragraaf *(a)* voorsiening gemaak word, moet vereis dat die party aan wie die kennisgewing gegee word binne vyf dae, aan die party wat blootlegging versoek, 'n kennisgewing aflewer wat wesenlik dieselfde is as Vorm 15A van Aanhangsel 1, waarin 'n tyd binne vyf dae vanaf die aflewering van sodanige kennisgewing vermeld word waarbinne die dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname by die kantoor van daardie persoon se prokureur ter insae beskikbaar sal wees of, as sodanige party nie deur 'n prokureur verteenwoordig word nie, by 'n in die kennisgewing vermelde plek wat geleë is, of in die geval van bankier se boeke of ander rekeningboeke wat pal in gebruik is vir die doeleindes van enige besigheid of onderneming, by hulle gewone plek van bewaring.

(7) *(a)* 'n Party wat 'n kennisgewing ontvang wat wesenlik dieselfde is as Vorm 15A van Aanhangsel A in subreël 6*(b)* bedoel, is geregtig om op die tyd daarin vermeld en vir 'n tydperk van vyf dae daarna tydens normale sakeure en op een of meer van sodanige dae, insae te kry van sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname en afskrifte of transkripsies daarvan te maak.

(b) 'n Party se versuim om enige sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname oor te lê wat vir insae vereis word, sal sodanige party daarvan uitsluit om dit by die verhoor te gebruik, behalwe waar die hof dit by die aanvoer van goeie gronde andersins toelaat.

(8) As enige party versuim om voorgenoemde blootlegging te doen of, nadat 'n kennisgewing in subreël 6*(b)* bedoel aan sodanige party beteken is, of versuim om insae te gee soos deur daardie subreël vereis, kan die party wat blootlegging verlang by 'n hof aansoek doen, wat voldoening aan hierdie reël kan gelas en, by versuim van sodanige voldoening, die eis tersyde kan stel of die verweer kan deurhaal.

(9) Enige party tot 'n aksie kan ná die sluiting van pleitstukke aan enige ander party kennis gee om skriftelik besonderhede te spesifiseer van datums en partye van of tot enige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander van vorm van opname wat by die verhoor van die aksies gebruik gaan word namens die party aan wie kennis gegee word, en die party wat sodanige kennis ontvang moet nie minder nie as 15 dae voor die datum van verhoor 'n kennisgewing aflewer waarin—

(a) die datums van en partye tot en die algemene aard van enige sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname wat in sodanige party se besit is, gespesifiseer word; of

(b) sodanige besonderhede soos die party nodig mag hê om enige sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname te identifiseer wat nie in sodanige party se besit is nie, gespesifiseer word en waarin die naam en adres van die persoon in wie se besit sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname is, terselfdertyd vermeld word.

(10) *(a)* Enige party wat enige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname by 'n verhoor wil bewys, kan aan enige ander party kennis gee om te vereis dat sodanige party binne 10 dae vanaf ontvangs van sodanige kennisgewing erken dat sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname behoorlik gemaak is en inderdaad is wat dit voorgee om te wees.

(b) As 'n party wat 'n kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* ontvang, nie binne die vermelde tydperk erkenning gee soos vereis nie, dan sal die party, as teen sodanige party, wat die kennisgewing gee geregtig wees om die dokument of band-,

elektroniese, digitale of ander vorm van opname gespesifiseer by die verhoor te verstrek sonder bewys behalwe bewys, indien dit betwis word, dat die dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname die dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname in die kennisgewing bedoel is en dat kennis behoorlik gegee is.

(c) As 'n party wat 'n kennisgewing ingevolge paragraaf *(a)* ontvang, stel dat die dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname nie aangebied word soos vereis nie, moet dit deur die party wat die kennis gee bewys word, voordat sodanige party geregtig is om dit by die verhoor te gebruik, maar die party wat dit nie aangebied het nie, kan beveel word om die koste van die bewys daarvan te betaal.

(11) *(a)* Enige party kan aan enige ander party wat 'n blootlegging van 'n dokument of 'n band-, elektroniese, digitale of ander opname gedoen het, kennis gee om by die verhoor die oorspronklike van sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname, in sodanige party se besit, oor te lê.

(b) 'n Kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* moet gegee word nie minder nie as vyf dae voor die verhoor, maar kan, as die hof dit toelaat, deur die loop van die verhoor gegee word.

(c) Indien enige kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* aldus gegee word, kan die party wat diesulke gee, vereis dat die party aan wie die kennisgewing gegee word die genoemde dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname in die hof oor te lê en is geregtig, sonder om enige getuie te roep, om die genoemde dokument in te handig of om beswaar te maak, wat in getuienis ontvangbaar sal wees tot dieselfde mate asof dit in getuienis oorgelê is deur die party aan wie kennis gegee word.

(12) Die hof kan, deur die loop van enige verrigtinge, beveel dat enige party daartoe onder eed sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname wat in daardie party se mag of beheer is betreffende enige betrokke aangeleentheid in sodanige verrigtinge wat die hof goevind, oorlê en die hof kan sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname, wanneer dit oorgelê word, hanteer soos die hof goeddink.

(13) *(a)* Enige party tot enige verrigting kan te eniger tyd voor die verhoor daarvan 'n kennisgewing wat wesenlik dieselfde is as Vorm 15B van Aanhangsel 1 aan enige ander party aflewer in wie se pleitstukke of beëdigde verklarings na enige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname verwys word—

(i) om sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname vir insae deur hom of haar te oor te lê en om hom of haar toe te laat om 'n afskrif of transkripsie daarvan te maak;

(ii) om binne 10 dae skriftelik te stel of die party wat die kennisgewing ontvang, beswaar maak teen die verstrekking van die dokument of band-, elektroniese, digitale of enige ander vorm van opname en die gronde daarvoor; of

(iii) onder eed binne 10 dae verklaar dat sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname nie in sodanige party se besit is nie en in sodanige geval te vermeld waar dit is, indien bekend.

(b) Enige party wat versuim om aan ’n kennisgewing ingevolge paragraaf *(a)* te voldoen, moet nie, behalwe met die verlof van die hof, die tersaaklike dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname in sodanige verrigtinge gebruik nie, met dien verstande dat enige ander party sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname mag gebruik.

(14) Die bepalings van hierdie reël betreffende blootlegging is met die nodige veranderinge van toepassing op aansoeke, vir sover die hof kan gelas.

(15) Ná kennis van voorneme om te verdedig gegee is, kan enige party tot enige aksie, vir die doeleindes van pleitstukke, vereis dat enige ander party—

(a) binne vyf dae ’n duidelik gespesifiseerde dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname in sy of haar besit vir insae beskikbaar stel wat verband hou met ’n redelike verwagte kwessie in die aksie en om toe te laat dat ’n afskrif of transkripsie daarvan gemaak word;

(b) binne 10 dae skriftelik stel hetsy die party wat die kennisgewing ontvang teen die verstrekking van die dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname beswaar maak en die gronde daarvoor; of

(c) binne 10 dae onder eed stel dat sodanige dokument of band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opname nie in sodanige party se besit is nie en in so ’n geval om te vermeld waar dit is, indien bekend.

(16) By die toepassing van hierdie reël en reël 26—

(a) sluit ’n dokument enige skriftelike, gedrukte of elektroniese aangeleentheid, en data en databoodskappe in soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002; en

(b) ’n bandopname sluit ’n klankbaan, film, magneetband, rekord of enige ander materiaal in waarop beelde, klank of ander inligting opgeneem kan word of enige ander vorm van opname.”.

Vervanging van reël 24 van die Reëls

7. Reël 24 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**24. Mediese ondersoeke, ondersoek van voorwerpe, deskundige getuienis en aanbieding as getuienis van 'n plan, tekening, model of foto**

(1) 'n Party tot verrigtinge waarin vergoeding of skadeloosstelling ten opsigte van beweerde liggaamlike besering geëis word het die reg om van 'n party wat sodanige vergoeding of skadeloosstelling eis wie se gesondheidstoestand relevant is tot die vasstelling daarvan, te vereis om homself of haarself aan 'n mediese ondersoek te onderwerp.

(2) *(a)* 'n Party kan 'n kennisgewing aan 'n ander party aflewer waarin vereis word dat sodanige party homself of haarself aan 'n mediese ondersoek waarvoor in subreël (1) voorsiening gemaak word, onderwerp en moet in die kennisgewing—

(i) die aard van die vereiste ondersoek vermeld;

(ii) die persoon of persone vermeld wat die ondersoek sal doen; en

(iii) die plek waar en die datum (minstens 15 dae ná die datum van sodanige kennisgewing) en tyd vermeld wanneer verlang word die ondersoek moet plaasvind.

(b) 'n Kennisgewing in paragraaf *(a)* beoog moet—

(i) vermeld dat die party wat ondersoek word sy of haar eie mediese raadgewer by die ondersoek teenwoordig kan hê; en

(ii) vergesel gaan van 'n remise ten opsigte van die redelike uitgawe wat deur die party vir bywoning van die ondersoek aangegaan moet word.

(c) Die uitgawes in paragraaf *(b)*(ii) word aangebied teen die tarief wat sou geld as sodanige persoon 'n getuie in 'n siviele saak voor die hof was: Met dien verstande dat—

(i) as die party wat ondersoek word, nie kan beweeg nie, sluit die bedrag wat betaal moet word die reiskoste per enige nodige vervoermiddel in en, waar vereis, die redelike koste van 'n persoon wat die persoon wat ondersoek moet word, behandel;

(ii) waar die party wat ondersoek word werklik enige salaris, loon of ander vergoeding sal verloor tydens die tydperk van afwesigheid van sy of haar

werk, moet sodanige party, benewens die uitgawes in subparagraaf (i) bedoel, geregtig wees om van die party wat sodanige ondersoek vereis, 'n bedrag per dag te ontvang ten opsigte van die salaris, loon of ander vergoeding wat sodanige persoon werklik sal verloor: Met die verstande dat die bedrag wat ontvang moet word nie die bedrag wat die Minister ooreenkomstig toepaslike wetgewing vir getuies in siviele verrigtinge vasgestel het, mag oorskry nie; en

(iii) enige bedrag deur 'n party betaal ooreenkomstig hierdie subreël is kostes in die saak, tensy die hof anders gelas.

(3) *(a)* 'n Party wat 'n kennisgewing bedoel in subreël (2)*(a)* ontvang moet, binne vyf dae sedert die betekening van die kennisgewing, die party wat dit aflewer, in kennis stel van die aard en gronde van enige beswaar wat sodanige party kan hê betreffende—

(i) die aard van die voorgestelde ondersoek;

(ii) die persoon of persone wat die ondersoek doen;

(iii) die plek, datum of tyd van die ondersoek; en

(iv) die bedrag van die uitgawes aangebied,

en moet verder—

(aa) indien die beswaar teen die plek, datum of tyd van die ondersoek is, 'n alternatiewe plek, datum of tyd verstrek, na gelang van die geval; en

(bb) indien sy of haar beswaar teen die bedrag van die aangebode uitgawes is, besonderhede gee van sodanige verhoogde bedrag soos vereis mag word.

(b) As 'n party wat die kennisgewing in subreël (2)*(a)* bedoel, ontvang, nie 'n beswaar aflewer binne die tydperk van vyf dae in paragraaf *(a)* bedoel nie, word sodanige party geag toegestem het tot die ondersoek op die terme gestel deur die party wat die kennisgewing gee.

(c) As 'n party wat 'n beswaar ontvang van mening is dat die beswaar of enige deel daarvan nie goeie gronde het nie, kan sodanige party by die hof aansoek doen om die voorwaardes te bepaal waarop die ondersoek, indien enige, gedoen moet word.

(4) Enige party tot verrigtinge in subreël (1) bedoel, kan te eniger tyd by kennisgewing vereis dat enige eiser, vir sover hy of sy dit kan doen, aan sodanige ander party binne 10 dae enige mediese verslae, hospitaalrekords, X-strale, ander mediese beelde of ander dokumentêre inligting van ’n soortgelyke aard wat met die assessering van sodanige skadevergoeding of skadeloosstelling verband hou, beskikbaar stel en om afskrifte of opnames daarvan op versoek te verstrek.

(5) As dit uit enige mediese ondersoek wat uitgevoer is óf by ooreenkoms tussen die partye óf in navolging van enige kennis gegee ingevolge hierdie reël óf op bevel van die hof blyk dat enige verdere mediese ondersoek deur enige ander persoon nodig of wenslik is vir die doel om volledige inligting te kry oor aangeleenthede wat met die assessering van sodanige vergoeding of skadeloosstelling verband hou, kan enige party ’n tweede en finale ondersoek ooreenkomstig die bepalings van hierdie reël vereis.

(5A) As enige party vergoeding eis as gevolg van die afsterwe van ’n ander persoon, moet sodanige persoon ’n mediese ondersoek ondergaan soos in hierdie reël voorgeskryf as dit versoek word en daar beweer word dat sodanige party se eie gesondheidstoestand relevant is in die vasstelling van die vergoeding.

(6) As dit blyk dat die toestand van enige eiendom van enige aard, hetsy roerend of onroerend, relevant kan wees aangaande die beslissing van enige aangeleentheid in geskil in enige aksie, kan enige party enige tyd kennis gee waarin die party wat op die bestaan van sodanige staat of toestand van sodanige eiendom staatmaak of wat sodanige eiendom in sy of haar besit of onder sy of haar beheer het om dit beskikbaar te stel vir insae of ondersoek en kan in sodanige kennisgewing vereis dat sodanige party sodanige eiendom of ’n redelike monster daarvan beskikbaar hou vir insae of ondersoek vir ’n tydperk van hoogstens 10 dae vanaf die ontvangs van die kennisgewing.

(7) *(a)* Die party van wie kragtens subreël (6) vereis word om ’n eiendom vir insae of ondersoek voor te lê, kan vereis dat die party wat dit aldus versoek om die aard van die insae of ondersoek waaraan dit onderwerp gaan word, te spesifiseer, en is nie gebind om daardie eiendom aan sodanige insae of ondersoek te onderwerp nie indien dit sodanige party wesenlik sal benadeel weens die uitwerking daarvan op sodanige eiendom.

(b) In die geval van enige geskil oor of die eiendom vir insae of ondersoek voorgelê moet word al dan nie, moet sodanige geskil na die hof verwys word by kennisgewing gegee deur enige een van die partye wat stel dat die insae of ondersoek vereis en teen beswaar gemaak is, en die hof kan sodanige bevel gee soos die hof goedvind.

(8) Enige party wat ’n inspeksie of ondersoek ingevolge subreël (1) of (6) laat doen, moet—

(a) die persoon wat die insae of ondersoek doen ’n volle skriftelike verslag laat gee, binne twee maande sedert die datum van die insae of ondersoek of binne sodanige ander tydperk soos gelas deur ’n regterlike beampte by ’n voor-verhooronderhoud wat ingevolge artikel 54(2) van die Wet saamgeroep is, van die uitslae van die insae of ondersoek en die opinies wat sodanige persoon as gevolg daarvan oor enige tersaaklike aangeleentheid gevorm het;

(b) binne vyf dae ná ontvangs van sodanige verslag, alle ander partye skriftelik inlig van die bestaan van die verslag, en by versoek ’n volledige afskrif daarvan onmiddellik aan enige party voorsien; en

(c) die uitgawe dek van enige sodanige insae of ondersoek: Met dien verstande dat sodanige koste deel van sodanige party se koste sal uitmaak.

(9) Geen persoon, behalwe met die toestemming van die hof of die toestemming van alle partye tot die saak, het die reg om enige persoon as getuie te roep om getuienis as ’n kundige te gee oor enige aangeleentheid waaroor die getuienis van deskundige getuies ontvang kan word nie, tensy—

(a) waar die eiser voornemens is om ’n deskundige te roep, moet die eiser nie later nie as 15 dae nadat die pleitstukke gesluit het, of waar die verweerder voornemens is om die deskundige te roep, moes die verweerder hoogstens 30 dae nadat die pleitstukke gesluit het, kennis van die voorneme om sodanige deskundige te roep, gegee het; en

(b) in die geval van die eiser hoogstens 45 dae nadat die pleitstukke gesluit het, of in die geval van die verweerder hoogstens 60 dae nadat die pleitstukke gesluit het, moes die eiser of verweerder ’n opsomming van die deskundige se opinies en die redes daarvoor afgelewer het:

Met dien verstande dat in egskeiding en verwante aangeleenthede, moet die kennisgewing van voornemens om ’n deskundige te roep en die opsomming van die deskundige se opinie en die redes daarvoor, ook by die Gesinsadvokaat afgelewer word terselfdertyd as wat dit by die ander party afgelewer word:

Met dien verstande dat waar van toepassing, die kennisgewing en opsomming afgelewer word soos deur die regterlike beampte gelas by enige voor-verhooronderhoud ingevolge artikel 54 van die Wet saamgeroep.

(9A) Die partye moet—

(a) sover moontlik poog om ooreen te kom om ’n enkele gesamentlike deskundige oor enige of meer of al die kwessies in die saak aan te stel; en

(b) ’n gesamentlike notule van deskundiges indien rakende dieselfde gebied van kundigheid binne 20 dae vanaf die datum van die laaste indiening van sodanige deskundige verslae.

(10) *(a)* Geen party het, behalwe met die toestemming van die hof of die instemming van al die partye, die reg om enige plan, diagram, model of foto as getuienis aan te bied nie tensy sodanige party nie meer nie as 30 dae nadat die pleitstukke gesluit het, ’n kennisgewing aan die ander party laat aflewer waarin die voorneme om dit te doen, gestel word.

(b) ’n Kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* moet stel dat elke party wat dit ontvang, die reg het om insae te hê in sodanige plan, diagram, model of foto en moet vereis dat sodanige party binne 10 dae vanaf ontvangs daarvan stel hetsy hy of sy enige beswaar teen sodanige plan, diagram, model of foto het wat sonder bewys as getuienis aangebied word.

(c) Indien ’n party wat die kennisgewing ontvang versuim om binne vermelde tydperk aldus beswaar te maak, word die vermelde plan, diagram, model of foto by die blote voorlegging daarvan en sonder verdere bewys daarvan in getuienis aanvaar.

(d) Indien ’n party wat die kennis ontvang, teen die toelating as getuienis van sodanige plan, diagram, model of foto beswaar aanteken, kan die vermelde plan, diagram, model of foto by die verhoor bewys word en die party wat die kennisgewing ontvang, kan beveel word om die koste van sodanige bewys te betaal.”.

Vervanging van reël 25 van die Reël

8. Die volgende reël word hierby deur reël 25 van die Reëls vervang:

“ **25. Regterlike saakbestuur en voor-verhooronderhoud**

(1) Regterlike saakbestuur is van toepassing op enige aangeleentheid wat die hof goedvind, uit eie beweging of op versoek van ’n party, op enige stadium nadat ’n kennisgewing van voorneme om te verdedig ingedien is.

(2) Saakbestuur deur regterlike ingryping word—

(a) in die belang van geregtigheid gebruik om oorlaaide verhoorrolle te verlig en om die probleme te hanteer wat vertragings in die afhandeling van sake veroorsaak;

(b) van die aard en omvang waarvoor in artikel 54 van die Wet voorsiening gemaak word; en

(c) uitgelê en toegepas ooreenkomstig die beginsel dat, ondanks die bepalings hierin wat vir regterlike saakbestuur voorsiening maak, berus die hoofverantwoordelikheid steeds by die partye en hul regsverteenwoordigers om behoorlik voor te berei, die hofreëls na te kom, en professioneel op te tree om die aangeleentheid vir verhoor en beregting te bespoedig.

(3) Behalwe tot die mate waarvoor uitdruklik in hierdie reël voorsiening gemaak word, is die bepalings van reël 22A nie van toepassing in aangeleenthede wat vir regterlike saakbestuur verwys word nie.

(4) *(a)* Op enige stadium van die verrigtinge, kan die griffier of klerk van die hof—

(i) nakomingsbriewe elektronies aan enige party rig wat versuim om te voldoen aan die tydsbeperkings vir die indiening van pleitstukke of enige kennisgewing ingevolge die reëls; en

(ii) in die geval van nienakoming van die lasgewings in ’n nakomingsbrief beoog in subparagraaf (i) gegee, die aangeleentheid na die regterlike beampte verwys om te oorweeg hetsy ’n voor-verhooronderhoud waarvoor in artikel 54 van die Wet voorsiening gemaak word, gehou moet word.

(b) Die skriftelike versoek deur enige party vir ’n voor-verhooronderhoud bedoel in artikel 54(1) van die Wet, aan die griffier of klerk van die hof gemaak moet word waarin versoek word dat die hof sodanige voor-verhooronderhoud saamroep en moet oor die algemeen die aangeleenthede wat die party wil hê by sodanige onderhoud oorweeg moet word, vermeld.

(c) Die griffier of klerk van die hof moet ’n versoek in paragraaf *(b)* bedoel, voor ’n regterlike beampte plaas wat, as hy of sy besluit om ’n onderhoud saam te roep, die griffier of klerk van die hof opdrag moet gee om die nodige prosesstukke uit te reik.

(5) *(a)* ’n Verhoordatum word nie aan ’n saak toegeken tensy ’n regterlike beampte die saak as verhoorgereed gesertifiseer het soos in reël 22(4)*(b)* voor voorsiening gemaak word nie, of nadat ’n voor-verhooronderhoud afgehandel is soos in artikel 54 van die Wet voor voorsiening gemaak.

(b) 'n Regterlike beampte wat die verhoorgereedheid van 'n aangeleentheid oorweeg, moet oortuig wees dat—

(i) die saak verhoorgereed is, en in die besonder, dat alle geskilpunte wat sonder 'n verhoor geskik kon word, hanteer is;

(ii) die oorblywende geskilpunte wat verhoor moet word, genoegsaam omskryf is;

(iii) aan die vereistes van reëls 23 en 24(9) voldoen is; en

(iv) enige potensiële oorsake van vertraging in die begin of hou van die verhoor sover prakties moontlik vooruit hanteer is.

(c) 'n Regterlike beampte kan lasgewings gee oor blootlegging of indien van verslae waar die regterlike beampte van oordeel is dat sodanige lasgewings die verhoorgereedheid van die saak kan bespoedig.

(6) *(a)* In alle aangeleenthede waar 'n regterlike beampte gelas dat 'n voor-verhooronderhoud ingevolge artikel 54 van die Wet belê moet word, moet die griffier of klerk van die hof 'n kennisgewing wat wesenlik dieselfde is as Vorm 19 van Aanhangsel 1, stuur waarin gelas word dat alle partye sodanige voor-verhooronderhoud moet bywoon.

(b) Die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel, moet aan die partye afgelewer word by die adresse wat ingevolge reël 5(3) en 13(3) verstrek is ten minste 15 dae voor die datum wat vir die voor-verhooronderhoud vasgestel is ooreenkomstig die bepalings van reël 9(9)*(a)*.

(7) Die kennisgewing in subreël (6)*(a)* bedoel, moet die partye inlig—

(a) van die datum, tyd en plek van 'n voor-verhooronderhoud ingevolge subreël (6)*(a)* saamgeroep;

(b) dat van hulle vereis word om sodanige voor-verhooronderhoud by te woon om—

(i) die vereenvoudiging van die geskilpunte;

(ii) die nodigheid of wenslikheid van wysigings aan die pleitstukke;

(iii) die moontlikheid dat erkennings van feite en dokumente verkry kan word om onnodige bewyse te vermy;

(iv) die beperking van die getal kundige getuies;

(v) sodanige ander aangeleenthede wat die beskikking van die aksie op die spoedigste en goedkoopste wyse kan aanhelp,

te oorweeg;

(c) dat op die datum van die voor-verhooronderhoud, van hulle vereis word om ’n vergadering te gehou het om vir die voor-verhooronderhoud voor te berei waar die kwessies in subreël (10) rakende die voer van die verhoor of aksie oorweeg moes geword het;

(d) dat van die eiser vereis word om, nie minder nie as twee dae voor die tyd wat vir die voor-verhooronderhoud bedoel in artikel 54 van die Wet bepaal is—

(i) te verseker dat die hoflêer gepas georden, gebind, gepagineer en geïndekseer is; en

(ii) ’n notule van verrigtinge af te lewer waarop by die verrigtinge tydens die vergadering ingevolge paragraaf *(c)* gehou, ooreengekom is, andersins, indien die partye nie ’n ooreenkoms oor die inhoud van die notule bereik het nie, ’n notule onderteken deur die party wat die dokument indien saam met ’n verduideliking oor hoekom ’n ooreenkoms oor die inhoud daarvan nie verkry is nie.

(8) Die notule in subreël (7)*(d)*(ii) bedoel, moet die partye se ooreenkoms of onderskeie posisies oor elkeen van die geskilpunte in subreël (10) geïdentifiseer, spesifiseer en tot die mate wat verdere stappe nog gedoen moet word om die aangeleentheid vir verhoor gereed te maak, dit uitdruklik identifiseer en ’n rooster uiteensit waarvolgens die partye voorstel, op ’n onderling bindende grondslag, dat sodanige verdere stappe gedoen sal word.

(9) *(a)* Benewens die notule in subreël (7)*(d)*(ii) bedoel, moet die partye ’n breedvoerige verklaring van geskilpunte aflewer, wat sal aandui—

(i) die geskilpunte in die saak wat nie in geskil is nie; en

(ii) die geskilpunte in die saak wat in geskil is, met ’n beskrywing van die aard van die geskil en uiteensetting van die partye se onderlinge betoogredes ten opsigte van elke geskilpunt.

(b) ’n Regterlike beampte wat saakbestuur doen, kan, by die oorweging van die verklaring deur die partye in paragraaf *(a)* bedoel, gelas dat een of al die partye nie by ’n voor-verhooronderhoud hoef te verskyn nie.

(10) Die aangeleenthede wat die partye moet hanteer by die vergadering wat ingevolge subreël (7)*(c)* gehou moet word, is soos volg:

(a) die aangeleenthede in reëls 23, 24, 27 en 29 uiteengesit;

(b) die verkryging van erkennings en die doen van navrae van en deur die partye ten einde die geskilpunte te verminder of die behoefte aan mondelinge getuienis te beperk;

(c) die tydperke waarbinne die partye voorstel dat enige aangeleenthede wat uitstaande is ten einde die saak tot verhoor te kry, onderneem sal word;

(d) behoudens reël 24(9), die instruksie van getuies om deskundige getuienis te gee en die werkbaarheid en redelikheid onder die omstandighede van die saak dat ’n enkele gesamentlike deskundige vir enige geskilpunt deur die partye aangestel word;

(e) die identiteit van die getuies wat hulle voornemens is om te roep en, in breë trekke, die aard van die getuienis wat deur elke sodanige getuie gegee gaan word;

(f) die moontlikheid dat die aangeleentheid vir vrywillige hofverwante bemiddeling verwys kan word;

(g) die blootlegging van elektroniese dokumente vervat in die bediener of ander bergingstoestel;

(h) die afneem van getuienis deur oudio-visuele skakel;

(i) gepaste verhoordatums en die geskatte duur van die verhoor; en

(j) enige ander aangeleentheid wat ter sake is om die verhoorgereedheid van die saak aan te help.

(11) Sonder om die trefwydte van regterlike betrokkenheid by ’n voor-verhooronderhoud bedoel in artikel 54 van die Wet te beperk, moet die regterlike beampte—

(a) indien gepas, uitvind hetsy die partye vrywillige hofverwante bemiddeling oorweeg het;

(b) beoog om ’n ooreenkoms te bevorder om die getal getuies wat by die verhoor geroep sal word, te beperk, ten einde doellose herhaling of getuienis wat feite dek wat reeds toegelaat is, te elimineer; en

(c) die geskilpunte wat in die aksie verhoor gaan word, identifiseer en aanteken.

(12) Die regterlike beampte kan by ’n voor-verhooronderhoud bedoel in artikel 54 van die Wet—

(a) die saak as verhoorgereed sertifiseer;

(b) sertifisering weier;

(c) die partye op sodanige terme plaas soos gepas is om verhoorgereedheid te bereik, en gelas dat hulle op ’n vasgestelde datum by ’n verdere voor-verhooronderhoud aanmeld;

(d) die aangeleentheid van die voorverhoorrol deurhaal en gelas dat dit weer terolle geplaas word alleenlik nadat nienakoming aan die reëls of voor-verhooronderhoudlasgewing goedgemaak is;

(e) opdragte gee vir die verhoor van bestrede tussenaansoeke deur ’n mosiehof op ’n bespoedigde grondslag;

(f) ’n verdeling van geskilpunte in gepaste gevalle beveel ondanks die afwesigheid van instemming daartoe deur die partye;

(g) by die afhandeling van so ’n voor-verhooronderhoud, die besluite wat geneem is aanteken en, indien geleë geag, die eiser gelas om ’n notule daarvan in te dien; en

(h) enige bevel gee, met inbegrip van ’n kostebevel soos in artikel 54 van die Wet voor voorsiening gemaak.

(13) Die oorkonde van die voor-verhooronderhoud in artikel 54 van die Wet bedoel, met inbegrip van die notule deur die partye by die regterlike beampte ingedien, enige lasgewings deur die regterlike beampte uitgereik en die regterlike beampte se rekord van die geskilpunte wat in die aksie verhoor staan te word, maar met uitsondering van enige skikkingsbesprekings en aanbiedinge, word in die hoflêer ingesluit.

CONTINUES ON PAGE 130 OF BOOK 2

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Regulation Gazette **No. 11369** *Regulasiekoerant*

Vol. 678 **17 December / Desember 2021** **No. 45645**

PART 2 OF 3

ISSN 1682-5845

9 771682 584003 45645

(14) Die regterlike beampte het die reg om die dokumente in subreël (13) in ag te neem betreffende die voer van die verhoor, met inbegrip van die vasstelling van enige aansoeke om uitstel en kwessies van koste.

(15) Enige versuim deur ’n party om die beginsels en vereistes van hierdie reël na te kom, kan gestraf word by wyse van ’n bevel om die teenparty se koste te betaal.”.

Vervanging van reël 26 van die Reëls

9. Reël 26 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**26. Getuiedagvaardings, vraagpunte en getuienisnemende kommissies**

(1) *(a)* Enige party wat verlang dat enige persoon ’n verhoor bywoon om getuienis te gee, kan uit reg, sonder enige voorafverrigtinge, een of meer dagvaardings vir daardie doel uit die kantoor van die griffier of die klerk van die hof aanvra, waarvan elke dagvaarding die name van nie meer nie as vier persone sal bevat, en die betekening daarvan aan enige persoon daarin genoem word deur die balju uitgevoer op die wyse in reël 9 voorgeskryf.

(b) Die prosedure vir getuiedagvaarding in paragraaf *(a)* bedoel, geskied by wyse van ’n dagvaarding op ’n vorm wat wesenlik dieselfde is as Vorm 24 van Aanhangsel 1.

(2) *(a)* Waar die getuienis van enige persoon op kommissie geneem staan te word voor enige Kommissaris binne die Republiek, kan die persoon gedagvaar word om voor sodanige kommissaris te verskyn om getuienis te gee asof by die verhoor.

(b) In die geval van getuienis op kommissie geneem, word sodanige prosesstukke uitgeneem deur die party wat die bywoning van die getuie verlang en word deur die Kommissaris uitgereik.

(3) *(a)* Indien enige getuie in besit of in beheer is van enige dokument insluitend ’n akte, boek, geskrif, kasset, elektroniese, digitale of ander vorm van opname of ding wat die party wat die bywoning van sodanige getuie vereis, wil hê moet by die verhoor oorgelê word , moet die dagvaarding sodanige dokument of ding spesifiseer en vereis dat sodanige getuie dit by die verhoor aan die hof oorlê.

(b) (i) Die prosedure om die oorlegging van ’n dokument in paragraaf *(a)* bedoel, te vereis, is by wyse van ’n dagvaarding in ’n vorm wat wesenlik dieselfde is as Vorm 24A van Aanhangsel 1.

(ii) Binne 10 dae vanaf ontvangs van ’n dagvaarding wat die oorlegging van ’n dokument vereis, moet enige persoon van wie vereis is om ’n dokument by die verhoor oor te lê, dit by die griffier of klerk van die hof indien, tensy sodanige persoon op privilegie aanspraak maak.

(iii) Die griffier of klerk van die hof moet die voorwaardes stel waarop insae in die vermelde dokument gekry kan word en afskrifte daarvan gemaak kan word ten einde die beskerming daarvan te verseker.

(iv) Binne vyf dae vanaf indiening by die griffier of die klerk van die hof, moet die party wat die dagvaarding laat uitreik vir die oorlegging van die dokument, alle ander partye by kennisgewing inlig dat die vermelde dokument vir insae en afskrifte beskikbaar is en van enige voorwaardes wat die griffier of klerk van die hof vir insae en afskrifte gestel het.

(v) Ná insae en die maak van afskrifte, is die persoon wat die dokument oorgelê het, geregtig op die terugbesorging daarvan.

(4) Die balju ontvang ’n dagvaarding en ’n afskrif vir elke getuie wat gedagvaar moet word, en ook die bedrag geld wat die party vir wie hulle gedagvaar word meen die balju vir getuiegeld aan die getuies moet betaal of moet aanbied om te betaal.

(5) Die hof kan betekening van enige dagvaarding tersydestel as dit wil voorkom asof die getuie nie redelike tyd gegee is om hom of haar in staat te stel om in navolging van die dagvaarding te verskyn nie.”.

Vervanging van reël 29 van die Reëls

10. Reël 29 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**29. Verhoor**

(1) Tensy die hof anders gelas, vind die verhoor van ’n aksie plaas by die hof waarvandaan die dagvaarding uitgereik is.

(2) ’n Getuie wat nie ’n party tot die aksie is nie, kan deur die hof gelas word—

(a) om die hof te verlaat totdat sy of haar getuienis benodig word of nadat sy of haar getuienis gegee is; of

(b) om in die hof te bly nadat sy of haar getuienis gegee is totdat die verhoor beëindig of verdaag word.

(3) Die hof kan, voordat getuienis aangehoor word, vereis dat die partye die feitelike of regskwessies wat in geskil is kortliks te stel en kan die aldus gestelde kwessies aanteken.

(4) *(a)* Indien dit in enige hangende aksie vir die hof uit eie beweging blyk dat daar 'n regsvraag of feitelike vraag is waaroor geredelik beslis kan word voordat enige getuienis aangebied word of waaroor apart van enige ander vraag oor beslis kan word, kan die hof 'n bevel gee waarin afhandeling van sodanige vraag gelas word op sodanige wyse wat die hof goedvind en kan beveel dat alle verdere verrigtinge opgeskort word totdat oor sodanige vraag beskik is.

(b) Die hof kan op versoek van enige partye die bevel bedoel in paragraaf *(a)* gee tensy dit blyk dat die vrae nie gerieflik apart oor beslis kan word nie.

(5) As die vraag in geskil 'n regsvraag is en die partye stem saam oor die feite, kan die feite in die hof toegelaat word, of *viva voce* of per geskrewe verklaring, deur die partye en deur die hof aangeteken word en uitspraak kan daarop gegee word sonder verdere getuienis.

(6) Wanneer regsvrae en feitlike geskilpunte in dieselfde saak ontstaan en die hof is van mening dat die saak op slegs die regsvrae afgehandel kan word, kan die hof vereis dat die partye oor slegs daardie vrae beredeneer en kan sy beslissing daaroor gee voordat getuienis oor die feitlike geskilpunte geneem word en kan finale uitspraak lewer sonder om die feitlike geskilpunte te hanteer.

(7) *(a)* Indien die bewyslas volgens die pleitstukke op die eiser rus, voer hy of sy sy of haar getuienis eerste aan.

(b) Indien absolusie van die instansie nie beveel word nadat die eiser getuienis gevoer het nie, voer die verweerder dan sy of haar getuienis.

(8) Indien die bewyslas volgens die pleitstukke op die verweerder is, voer die verweerder eers sy of haar getuienis aan en, indien nodig, voer die eiser daarna sy of haar getuienis aan.

(9) *(a)* Wanneer die bewyslas ten opsigte van een of meer van die geskilpunte op die eiser rus en ten opsigte van die ander op die verweerder, indien die bewyslas volgens die pleitstukke, voer die eiser eers sy of haar getuienis aan ten opsigte van geskilpunte waarvan die bewyslas op hom of haar rus en kan dan sy of haar saak sluit, en die verweerder voer dan sy of haar getuienis ten opsigte van al die geskilpunte aan.

(b) Indien die eiser ten aansien van geskilpunte waarvan die bewyslas op die verweerder rus geen getuienis aangevoer het nie (uitgesonderd dié waartoe hy of sy

verplig was deur sy of haar getuienis ten aansien van die geskilpunte waarvan die bewyslas op hom of haar rus), is hy of sy geregtig om dit te doen nadat die verweerder sy of haar saak gesluit het. As hy of sy sodanige getuienis aangevoer het, het hy of sy nie so ’n reg nie.

(10) Ingeval van ’n geskil oor die party op wie die bewyslas rus, gelas die hof watter party eerste getuienis moet aanvoer.

(11) ’n Party kan, met verlof van die hof, te eniger tyd voor vonnis verdere getuienis aanvoer, maar sodanige verlof word nie verleen nie indien dit vir die hof blyk dat sodanige getuienis doelbewus uit die behoorlike volgorde agterweë gehou is.

(12) Die hof kan te eniger tyd voor vonnis, op aansoek van ’n party of uit eie beweging, ’n getuie vir verdere ondervraging terugroep.

(13) ’n Getuie kan deur die hof sowel as deur die partye ondervra word.

(14) Nadat die getuienis ten behoewe van beide partye aangevoer is, kan die party wat eerste getuienis aangevoer het die hof eerste toespreek en daarna die ander party, en die party wat eerste getuienis aangevoer het, kan antwoord.

(15) Wanneer die hof afneem van die getuienis van ’n getuie by wyse van vraagpunte gemagtig het, word sodanige vraagpunte binne 4 dae na die bevel, en kruisvraagpunte binne 4 dae daarná, ingedien.

(16) Die getuies by die verhoor van enige aksie word *viva voce* ondervra, maar ’n hof kan te eniger tyd, met voldoende rede, gelas dat—

(a) al of enige van die getuienis wat by enige verhoor aangevoer staan te word per beëdigde verklaring gegee word; of

(b) die beëdigde verklaring van enige getuie by die verhoor gelees word, op sodanige terme en voorwaardes wat die hof goedvind:

Met dien verstande dat waar dit vir die hof voorkom dat enige ander party redelikerwys die bywoning van ’n getuie vir kruis-ondervraging vereis, en sodanige getuie kan voorgebring word, word die getuienis van sodanige getuie nie op beëdigde verklaring gegee nie.”.

Vervanging van reël 31 van die Reëls

11. Die volgende reël word hierby deur reël 31 van die Reëls vervang:

"**31. Verdaging en uitstel**

(1) *(a)* Die verhoor van 'n aksie of die aanhoor van 'n aansoek of aangeleentheid kan met toestemming van die partye of deur die hof, hetsy by aansoek of uit eie beweging, verdaag of uitgestel word.

(b) (i) Indien die partye ooreengekom het om die verrigtinge uit te stel, moet die eiser of applikant 'n kennisgewing van die partye se ooreenkoms om uit te stel by die griffier of klerk van die hof indien ten minste 15 dae voor die datum van die verhoor.

(ii) Die griffier of klerk van die hof moet die regterlike beampte onmiddellik dienooreenkomstig inlig, sodat ander sake op die rol geskeduleer kan word.

(2) *(a)* (i) Wanneer 'n verdaging of uitstel *sine die* gemaak word, moet enige partye wat die aksie wil herinstel, 'n kennisgewing van versoek om herterolleplasing van die aksie, aansoek of aangeleentheid vir verdere verhoor indien.

(ii) Waar 'n aksie, aansoek of 'n aangeleentheid van die rol geskrap is weens die nieverskyning van die partye op die datum van verhoor, moet die versoek vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring wat die redes uiteensit vir die nieverskyning en vir die herterolleplasing van die aangeleentheid.

(b) By ontvangs van 'n versoek om herterolleplasing van enige aksie, aansoek of aangeleentheid, neem die griffier of klerk van die hof die hoflêer na die landdros sodat die landdros kan vasstel hetsy die aksie, aansoek of aangeleentheid as verhoorgereed gesertifiseer kan word voordat 'n nuwe datum vir verhoor toegewys kan word.

(c) Indien die aksie, aansoek of aangeleentheid nie verhoorgereed gesertifiseer kan word nie, roep die landdros 'n voor-verhooronderhoud ingevolge artikel 54 van die Wet saam of gee enige lasgewing wat hy of sy goedvind.

(3) 'n Verdaging of uitstel geskied op sodanige voorwaardes betreffende koste en andersins as waartoe die partye ooreenkom of soos die hof mag beveel.

(4) Waar die aksie, aansoek of aangeleentheid as verhoorgereed gesertifiseer is en 'n verhoordatum vasgestel of gereël is by 'n voor-verhooronderhoud bedoel in artikel 54 van die Wet, dien 'n party wat uitstel verlang 'n kennisgewing by die griffier of klerk van die hof in minstens 15 dae voor die toegewese of gereëlde verhoordatum waarin versoek wat dat 'n ander verhoordatum toegewys word.".

Vervanging van reël 32 van Reëls

12. Reël 32 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Nieverskyning van 'n party – terugtrekking en afwysing**

(1) Indien 'n eiser of applikant nie op die tyd wat vir die verhoor van die aksie of die aanhoor van 'n aansoek vasgestel is, verskyn nie, kan die aksie of aansoek met koste afgewys word.

(2) Indien 'n verweerder of respondent nie aldus verskyn nie, kan 'n vonnis (wat nie die gevorderde regshulp oorskry nie) met koste teen hom of haar gegee word, ná oorweging van sodanige getuienis, hetsy mondeling of per beëdigde verklaring, soos die hof gepas ag.

(3) Die terugtrekking en afwysing van 'n aksie of 'n bevel van absolusie van die instansie is nie 'n verweer teen 'n later aksie nie, maar as 'n later aksie vir dieselfde of wesenlik dieselfde skuldoorsaak ingestel word voordat die koste wat by sodanige terugtrekking, afwysing of bevel van absolusie toegeken is, betaal is, kan die hof op aansoek, as die hof dit goed ag en as sodanige koste getakseer is en daar is op betaling daarvan aangedring, beveel dat sodanige latere aksie opgeskort word totdat sodanige koste betaal sou wees en dat die eiser die koste van sodanige aansoek moet betaal.

(4) Indien beide partye nie op die tyd vir die verhoor van 'n aksie of aanhoor van 'n aansoek vasgestel, verskyn nie, word die aksie of aansoek van die rol geskrap.".

Vervanging van reël 38 van Reëls

13. Reël 38 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Sekerheidstelling deur Eksekusieskuldeiser**

38. (1) Indien 'n persoon aanspraak maak op enige eiendom waarop beslag gelê is, of wat die balju op die punt is om op beslag te lê, dan, indien die Eksekusieskuldeiser die balju tot sy of haar oortuiging sekerheidstelling gee, om die balju vry te stel teen enige verlies of skade weens die beslaglegging daarop, behou die balju die vermelde eiendom of lê beslag daarop, na gelang van die geval.

(2) Tensy die dagvaarding wat die aksie begin persoonlik aan die verweerder beteken is of die verweerder kennisgewing van voorneme om te verdedig of kennisgewing van beslaglegging persoonlik aan die verweerder gegee is—

(a) (i) indien ter tenuitvoerlegging op enige eiendom beslag gelê word, ten minste 10 dae voor die dag vir die verkoop van sodanige eiendom aangewys,

sekerheidstelling tot bevrediging van die balju gee vir die betaling aan die Eksekusieskuldeiser of enige persoon indien sodanige beslaglegging ter syde gesel word, van enige bedrag wat die Eksekusieskuldeiser of sodanige persoon regtens geregtig kan wees om van die Eksekusieskuldeiser te verhaal vir skade gely weens sodanige beslaglegging of van enige verrigtinge wat daarop volg; en

(ii) as sekerheidstelling nie gegee word nie, word die beslaglegging outomaties opgeskort totdat sekerheidstelling gegee word: Met dien verstande dat—

(aa) die vermelde beslaglegging verstryk ná ’n tydperk van vier maande vanaf die datum van die beslaglegging; en

(bb) die Eksekusieskuldeiser kan, by endossering te dien effekte op die lasbrief vir eksekusie, wegdoen met die gee van sekerheidstelling kragtens hierdie reël; of

(b) as geld van die balju ontvang word onder enige vorm van tenuitvoerlegging behalwe van die opbrengs van die verkoping in eksekusie van eiendom, en sekerheidstelling is gegee ingevolge paragraaf *(a)* ten opsigte daarvan, word sodanige geld nie aan die Eksekusieskuldeiser betaal nie totdat hy of sy sekerheidstelling vir die terugbetaling van die volle bedrag deur die balju ontvang, gee as die beslaglegging van die geld daarna tersyde gestel word: Met dien verstande dat die vonnisskuldenaar skriftelik bo sy of haar handtekening kan wegdoen met die gee van sodanige sekerheidstelling.

(3) Die voorgeskrewe geld vir sekerheidstelling kragtens hierdie reël gegee is sonder taksasie verhaalbaar as deel van die eksekusiekostes.

(4) Die vonnisskuldenaar of enige persoon wat daarop geregtig is, kan op enige borgakte of ander dokument van sekerheidstelling wat kragtens hierdie reël gegee is, dagvaar sonder dat dit formeel aan hom of haar oorgedra is.

(5) Hierdie reël is nie van toepassing nie waar die party wat die prosesstuk in eksekusie dagvaar of die Eksekusieskuldeiser deur Regshulp Suid-Afrika verteenwoordig word.

Vervanging van reël 39 van die Reëls

14. Reël 39 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“ **Algemene bepalings betreffende tenuitvoerlegging**

39. (1) Tensy die hof anders beveel, is die koste en uitgawes in verband met die uitreiking van ’n lasbrief en tenuitvoerlegging ’n voorkeurvordering teen die

opbrengs van die eiendom wat in eksekusie verkoop is en kan vir sover sodanige opbrengs onvoldoende is op die vonnisskuldenaar as koste deur die hof toegeken, verhaal word.

(2) *(a)* Behoudens enige hipoteek wat voor die beslaglegging bestaan het, deel alle lasbriewe vir eksekusie wat by enige balju op of voor die dag wat die dag van die eksekusieverkoping onmiddellik voorafgaan ingedien is *pro rata* in die verdeling van die opbrengs van die goed wat in eksekusie verkoop is, in voorrangsorde in reël 43(14)*(c)* bedoel.

(b) Die balju wat ’n eksekusieverkoping hou moet nie minder nie as 10 dae voor die datum van die verkoping ’n afskrif van die kennisgewing van verkoping aan alle ander balju’s wat aangestel is vir die area waarin die balju opdrag gegee is om ’n verkoping te hou, gee.

(c) Die balju wat ’n eksekusieverkoping hou moet ’n sertifikaat van alle ander balju’s wat vir daardie gebied aangestel is of enige ander balju aanvaar waarin enige beslaglegging wat gemaak is gelys word en waarin die rangorde van skuldeisers in terme van lasbriewe in die besit van daardie balju’s aangetoon word.

(3) *(a)* Terugtrekking van beslaglegging word gedoen by nota op die lasbrief vir eksekusie deur die balju gemaak en onderteken dat die beslaglegging teruggetrek word, met melding van die tyd en datum waarop sodanige nota gemaak is.

(b) Die balju gee skriftelik kennis van ’n intrekking van beslaglegging en van die tyd en datum daarvan aan die eksekusieskuldeiser, die vonnisskuldenaar, alle ander balju’s vir daardie gebied aangewys of enige ander balju wat ’n sertifikaat bedoel in subreël (2)*(c)* ingedien het en aan enige persoon deur wie ’n eis op die eiendom waarop beslag gelê is by die balju ingedien is: Met dien verstande dat die eiendom nie uit beslaglegging vrygestel word vir ’n tydperk van vier maande nie indien ’n sertifikaat in subreël (2)*(c)* bedoel of ’n onbevredigde lasbrief vir eksekusie kragtens subreël (2) in die balju se hande bly.

(4) Indien enige eiendom in eksekusie op beslag gelê is deur enige derde party as sy of haar eiendom opgeëis word of enige derde party enige aanspraak maak op die opbrengs van eiendom aldus op beslag gelê en in eksekusie verkoop, moet die balju, behoudens reël (5), sodanige aangeleentheid hanteer soos in reël 44 voor voorsiening gemaak word.

(5) Ondanks ’n aanspraak op eiendom in subreël (4) bedoel deur ’n derde party, lê die balju beslag op sodanige eiendom die balju dit nog nie gedoen het nie, en die eiendom bly onder beslaglegging hangende die uitslag van die tussenpleitverrigtinge tensy dit vroeër by hofbevel of andersins uit beslaglegging vrygestel word, en subreëls 41(14), (17) en (18) is van toepassing met toepaslike veranderinge op eiendom waarop aldus beslag gelê is.

(6) *(a)* By afhandeling van enige verkoping vir eksekusie van eiendom, hetsy roerend of nieroerend, moet die balju 'n vendusielys waarin besonderhede van die eiendom wat verkoop is, die pryse wat behaal is, en, waar bekend, die name en adresse van die kopers en 'n uiteensetting van die distribusie van die opbrengs by die balju se relaas aangeheg word.

(b) Waar 'n lasbrief vir eksekusie ingedien is by 'n balju wat 'n eksekusieverkoping hou deur enige ander balju in subreël (2)*(a)* bedoel, maak die balju wat die verkoping voer 'n betaling ingevolge 'n distribusierekening aan enige balju wat 'n sertifikaat in subreël (2)*(c)* ten opsigte van daardie verkoping ingedien het.

(c) Betaling ingevolge 'n distribusierekening word slegs gemaak nadat die distribusierekening ter insae gelê het vir 'n tydperk van 15 dae nadat die balju wat 'n lasbrief vir eksekusie ingedien het by die balju wat die verkoping gedoen het, 'n afskrif van die distribusierekening ontvang het.

(7) Geen balju of persoon ten behoewe van die balju koop enige van die eiendom by die eksekusieverkoping te koop aangebied hetsy vir homself of haarself of enige ander persoon nie.".

Vervanging van reël 41 van die Reëls

15. Reël 41 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Tenuitvoerlegging teen onroerende eiendom**

41. (1) 'n Eksekusieskuldeiser kan, op sy of haar eie risiko, uit die kantoor van die griffier of klerk van die hof een of meer lasbriewe vir eksekusie uitvaardig in 'n vorm wat wesenlik dieselfde is as vorm 32 van Aanhangsel 1.

(2) *(a)* Geen prosesstukke vir tenuitvoerlegging word uitgereik vir die verhaling van enige koste deur die hof aan enige party toegestaan, totdat sodanige koste deur die takseermeester getakseer is of op skrif op ooreengekom is deur die party aanspreeklik vir betaling van sodanige koste in 'n vaste bedrag.

(b) (i) 'n Vordering vir gespesifiseerde kostes wat reeds aan die Eksekusieskuldeiser toegestaan is, welke koste steeds getakseer moet word, kan in die lasbrief vir eksekusie ingesluit word.

(ii) Indien sodanige koste daarna getakseer word, word dit ingesluit in die balju se distribusierekening en distribusieplan alleenlik as die oorspronklike

kosterekening behoorlik toegewys en ingedien is by die balju voor die datum van die eksekusieverkoping.

(3) Wanneer die balju, deur enige prosesstuk, instruksie kry om enige bedrag geld te verhaal deur eksekusie teen die goedere van enige persoon, moet die balju onverwyld na die woonplek, werksplek of besigheid van sodanige persoon gaan, tensy die Eksekusieskuldeiser of die opdraggewende prokureur ander opdragte gee betreffende die ligging van die bates waarop beslag gelê moet word en daar—

(a) eis dat aan die lasbrief voldoen word en, by versuim van voldoening,

(b) eis dat soveel roerende en wegdoenbare eiendom uitgewys word soos die balju voldoende kan ag om aan die vermelde lasbrief te voldoen, en by versuim van sodanige uitwysing;

(c) na sodanige eiendom soek.

(4) Indien die vonnisskuldenaar by die eis die vonnisskuld en –koste, of ’n gedeelte daarvan, betaal, endosseer die balju die bedrag wat betaal is en die datum van betaling op die oorspronklike en afskrif van die lasbrief, welke endossering deur die balju onderteken word en medeonderteken word deur die vonnisskuldenaar of sy of haar verteenwoordiger.

(5) Indien die eiendom ingevolge subreël (3)*(b)* onvoldoende is om aan die lasbrief te voldoen, gaan die balju nogtans voort om ’n inventaris op te stel en ’n waardasie te doen van soveel roerende eiendom soos in gedeeltelike tenuitvoerlegging van die lasbrief uitgewys kan word.

(6) Indien die vonnisskuldenaar nie enige eiendom uitwys soos ingevolge subreël (3)*(b)* vereis nie, maak die balju onmiddellik ’n inventaris en waardasie van soveel van die roerende eiendom wat aan die vonnisskuldenaar behoort soos die balju voldoende ag om aan die lasbrief te voldoen of van soveel van die roerende eiendom soos gevind kan word in gedeeltelike tenuitvoerlegging van die lasbrief.

(7) Vir sover nodig kan wees vir die tenuitvoerlegging van enige lasbrief, kan die balju enige deur op enige perseel, of van enige meubelstuk, oopmaak en as toegang geweier word of indien daar niemand daar is wat die persoon verteenwoordig teen wie sodanige lasbrief aldus tenuitvoer gelê moet word nie, kan die balju, indien nodig, dwang of ’n slotmaker vir die doel gebruik.

(8) Die balju moet die oorspronklike lasbrief vir eksekusie uitstal en ’n afskrif daarvan aan die vonnisskuldenaar oorhandig of op die perseel agterlaat.

(9) Die balju onderteken ’n afskrif van ’n inventaris wat kragtens hierdie reël gemaak is en oorhandig dit aan die vonnisskuldenaar of los dit op die perseel, welke afskrif ’n kennisgewing van die beslaglegging daarby aangeheg moet hê in ’n formaat wat wesenlik dieselfde is as vorm 33 van Aanhangsel 1.

(10) Sodra die balju aan die vereistes van hierdie reël voldoen het, word die goedere deur die balju op die inventaris geplaas, geag geregtelik op beslag gelê te wees.

(11) Die balju dien enige prosesstuk met ’n relaas van wat die balju gedoen het daarop, by die griffier of klerk van die hof in, en voorsien ’n afskrif van sodanige relaas en inventaris aan die party wat sodanige prosesstuk laat uitreik het.

(12) Waar op bederfbares beslag gelê word, kan dit, met die toestemming van die vonnisskuldenaar of by kwytskelding van die balju deur die eksekusieskuldeiser van enige eis vir skadevergoeding wat uit sodanige verkoping kan voortspruit, onmiddellik op ’n gepaste wyse deur die betrokke balju verkoop word.

(13) Waar geld en dokumente gevind en op beslag gelê word, word die bedrag geld of getal en soorte dokumente in die inventaris gespesifiseer, en enige sodanige geld of dokumente word daarna verseël en verwyder na die kantoor van die balju en veilig geberg.

(14) *(a)* Waar op roerende eiendom, wat nie geld of dokumente is nie, beslag gelê is, gee die eksekusieskuldeiser of sy of haar prokureur ná kennisgewing van sodanige beslaglegging, die balju skriftelik instruksie hetsy die eiendom verwyder sal word na ’n veilige plek of op die perseel agtergelaat word in die beheer en bewaring van die Eksekusieskuldeiser of in die beheer en bewaring van ’n ander persoon wat namens die balju optree.

(b) Indien die eksekusieskuldeiser of sy of haar prokureur die griffier of klerk van die hof skriftelik oortuig dat dit wenslik is om die goedere waarop beslag gelê is, onmiddellik te verwyder, hetsy by uitreiking van die lasbrief vir eksekusie of te eniger tyd daarna, endosseer die griffier of klerk van die hof sy of haar goedkeuring op die dokument wat die instruksies bevat, en magtig die balju skriftelik om al of enige van die roerende eiendom waarop beslag gelê is, onmiddellik uit die besit van die vonnisskuldenaar te verwyder.

(c) By gebrek aan enige instruksie kragtens paragraaf *(a)* of magtiging kragtens paragraaf *(b)*, los die balju die eiendom waarop beslag gelê is, behalwe geld of dokumente, op die perseel en in die besit van die persoon in wie se besit die vermelde roerende eiendom op beslag gelê is.

(15) *(a)* Enige persoon op wie se roerende eiendom die balju beslag gelê het kan, saam met ’n persoon met voldoende middele wat sigself tot oortuiging van die balju as sekerheidstelling verbind, skriftelik onderneem om sodanige eiendom oor te lê op die dag aangewys vir die verkoping daarvan, waarop die balju die vermelde eiendom waarop beslag gelê is en wat op die inventaris is, op die perseel waar dit gevind is agterlaat.

(b) Die akte van sekerheidstelling moet in ’n vorm wees wat wesenlik dieselfde is as vorm 37A van Aanhangsel 1.

(16) *(a)* As die vonnisskuldenaar nie, saam met ’n sekerheidstelling, ’n verbintenis soos in subreël (15)*(a)* beoog, gee nie, dan, tensy die eksekusieskuldeiser anders opdrag gee, verwyder die balju die vermelde goedere na ’n geleë veilige plek of hou dit op die perseel waar daarop beslag gelê is.

(b) Die kostes van sodanige verwydering of berging is verhaalbaar van die vonnisskuldenaar en word gedek uit die opbrengs van die eksekusieverkoping.

(17) *(a)* Waar ’n balju opdrag kry om die roerende eiendom te verwyder, doen hy of sy dit sonder enige vermybare vertraging, en hy of sy moet dit intussen in die beheer of bewaring laat van ’n persoon wat beheer of bewaring van die goedere ten behoewe van die balju sal hê.

(b) Enige persoon in wie se beheer of bewaring roerende eiendom waarop beslag gelê is, gelaat is, moet nie sodanige eiendom gebruik, verhuur of uitleen, of toelaat dat dit gebruik, verhuur of uitgeleen word nie, en sal ook geensins iets doen wat die waarde daarvan sal verminder nie en, indien die eiendom waarop beslag gelê is enige wins of vermeerdering geproduseer het, moet die bewaarder verantwoordelik wees vir enige sodanige wins of vermeerdering op dieselfde wyse as waarop hy of sy verantwoordelik is vir die eiendom waarop oorspronklik beslag gelê is, en moet sodanige wins of vermeerdering aan die balju aflewer.

(c) Indien ’n persoon, anders as die vonnisskuldenaar, in wie se toesig of bewaring roerende eiendom gelaat is, versuim om sy of haar plig te doen, is sodanige persoon nie geregtig op enige vergoeding vir die neem van toesig en bewaring oor die eiendom waarop beslag gelê is nie.

(18) *(a)* Tensy ’n hofbevel aan die balju voorgelê word waarin van die balju vereis word om enige eiendom onder beslaglegging te hou vir sodanige verdere tydperk wat in sodanige bevel bepaal kan word, moet die balju die eiendom wat vir ’n tydperk van langer as vier maande onder beslaglegging gehou is, uit beslaglegging vrystel, tensy ’n verkoping in eksekusie van sodanige eiendom hangende is.

(b) Indien sodanige bevel ingevolge ’n *ex parte*-

aansoek toegestaan is, benodig sodanige bevel nie bevestiging nie.

(c) Indien ’n eiser ’n tussenpleitvordering ingevolge reël 44 by die balju indien, word die tydperk van vier maande in paragraaf *(a)* bedoel, opgeskort vanaf die datum waarop die eiser sy of haar beëdigde verklaring aan die balju aflewer tot die finale beregting van die tussenpleitvordering, met inbegrip van enige hersiening of appèl ten opsigte van sodanige tussenpleitvordering.

(19) *(a)* (i) Enige roerende eiendom wat ter tenuitvoerlegging van ’n geregtelike prosesstuk verkoop gaan word, word in die openbaar vir kontant aan die hoogste bieër verkoop deur die balju wat die goedere ingevolge subreël (17)*(a)* verwyder het of, met die goedkeuring van die landdros, deur ’n afslaer of ander persoon deur die balju aangestel, by of so naby die plek waar daarop beslag gelê is of waarheen dit aldus verwyder is soos vermeld.

(ii) Die bepalings van reël 43(10) is van toepassing met gepaste veranderinge op die verkoping in eksekusie van roerende eiendom kragtens hierdie reël.

(b) Die Eksekusieskuldeiser, ná raadpleging met die balju, berei ’n kennisgewing van verkoping voor en twee afskrifte daarvan word aan die balju voorsien met genoeg tyd dat een afskrif nie later nie as 10 dae as die dag wat vir die verkoping vasgestel is, op die kennisgewingbord of deur van die hofgebou of ander openbare gebou waarin die vermelde hof sit, opgesit kan word en die ander afskrif by of naby moontlik aan die plek waar die vermelde verkoping werklik gaan plaasvind, opgesit kan word.

(c) Benewens die vereistes van paragraaf *(b)*, as die waarde van die goedere waarop beslag gelê is na mening van die balju meer is as ’n bedrag gelyk aan die monetêre jurisdiksie van die hof vir klein eise, moet die balju dit aandui en die Eksekusieskuldeiser opdrag gee om die kennisgewing van verkoping in ’n plaaslike of ander koerant wat in die streek of distrik sirkuleer, te publiseer nie later nie as 10 dae voor die datum vir die verkoping aangewys en om ’n afskrif van die uitgawe van die koerant waarin die publikasie verskyn het aan die balju te voorsien, nie later nie as die dag voor die datum van die verkoping.

(d) In plek van paragraaf *(c)*, kan die balju die kennisgewing van verkoping op die webwerf van die balju se kantoor plaas, indien die eksekusieskuldeiser so ’n instruksie gee: Met dien verstande dat die balju nie later nie as 10 dae voor die aangewese datum van verkoping, op die kennisgewingbord of deur van die hofgebou of ander openbare gebou waarin die vermelde hof sit, aanbring en die ander by of so naby moontlik aan die plek waar die vermelde verkoping werklik gaan plaasvind, ’n kennisgewing moet aanbring waarin die datum van die verkoping in eksekusie en die webwerf waarop die volle besonderhede van die verkoping gesien kan word, vermeld word.

(20) Die dag wat aangewys is vir ’n verkoping in eksekusie moet nie minder as 15 dae na die beslaglegging wees nie: Met dien verstande dat waar die goedere waarop beslag gelê is van ’n bederfbare aard is, of met die toestemming van die vonnisskuldenaar, kan die hof, by aansoek, enige tydperk verminder waarna in hierdie subreël of subreël (19) verwys word, tot so ’n mate en op sodanige voorwaardes wat die hof gepas ag.

(21) Waar eiendom wat aan ’n saaklike reg van enige derde persoon onderhewig is, in eksekusie verkoop gaan word, moet sodanige verkoping onderhewig wees aan die regte van sodanige derde persoon tensy hy of sy andersins van sodanige regte afstand doen.

(22) ’n Verkoping in eksekusie word gestop sodra genoeg geld gemaak is om aan die vermelde lasbrief en enige lasbrief bedoel in reël 39(2) en die koste van die verkoping, te voldoen.

(23) *(a)* Indien die balju ’n saldo oor het nadat aan die vordering van die eksekusieskuldeiser en lasbriewe vir eksekusie by die balju ingedien onmiddellik voor die datum van die verkoping en van alle koste, voldoen is, betaal die balju sodanige balans aan die vonnisskuldenaar as hy of sy opgespoor kan word, in gebreke waarvan die balju sodanige saldo geregtlik inbetaal.

(b) Die saldo wat ingevolge paragraaf *(a)* geregtelik inbetaal word, indien nie voor die verloop van drie jaar daaroor beskik is nie, word aan die Nasionale Inkomstefonds betaal nadat drie maande kennisgewing van sodanige voorneme aan die betrokke persone gegee is, waarna enige aansoek om die terugbetaling van sodanige saldo deur die betrokke persoon aan die Nasionale Inkomstefonds gerig moet word.”.

Vervanging van reël 42 van die Reëls

16. Reël 42 van die reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**Tenuitvoerlegging teen roerende eiendom (vervolg)**

42. (1) Indien onliggaamlike eiendom ter beslaglegging beskikbaar is, kan daarop beslag gelê word sonder ’n voorafaansoek aan die hof op die wyse waarvoor hierna voorsiening gemaak word.

(a) Waar die eiendom of reg waarop beslag gelê staan te word ’n huurkontrak, wissel, promesse, verband of ander sekuriteit vir die betaling van geld is, is die beslaglegging nie voltooi nie voordat—

(i) die balju aan die huurder, verhuurder, verbandgewer en verbandhouer of persoon wat op die wissel of ander sekuriteit aanspreeklik is, na gelang van die geval, kennis gegee het;

(ii) die balju besit van die dokument, indien enige, geneem het wat die huurkontrak, wissel, promesse, verband of ander sekuriteit, na gelang van die geval, bewys, of gesertifiseer het dat hy of sy, ten spyte van ’n toegewyde soektog, nie die dokument aan die hande kon kry nie; en

(iii) in die geval van ’n geregistreerde huurkontrak of enige geregistreerde reg, kennis aan die registrateur van aktes gegee is.

(b) (i) Waar die onliggaamlike reg in roerende eiendom waarop beslag gelê wil word die belang is van die vonnisskuldenaar in eiendom wat aan of deur 'n derde persoon verpand, verhuur of onder 'n opskortende voorwaarde verkoop is, is die beslaglegging slegs afgehandel wanneer die balju kennis van beslaglegging en ’n afskrif van die lasbrief vir eksekusie aan die vonnisskuldenaar en aan die eienaar van die roerende eiendom of enige ander party wat ’n belang daarin het, beteken het.

(ii) Die balju kan, by die toon van die oorspronklike van sodanige lasbrief vir eksekusie aan die eienaar van die roerende eiendom of enige ander party wat ’n belang daarin het, die perseel betree waar sodanige eiendom is en ’n inventaris en waardasie van die vermelde belang maak.

(c) In die geval van die beslaglegging op alle ander onliggaamlike regte in eiendom—

(i) is die beslaglegging slegs afgehandel wanneer—

(aa) kennis van die beslaglegging skriftelik deur die balju aan alle belanghebbende partye gegee is en, waar die bate uit ’n onliggaamlike reg in onroerende eiendom bestaan, moes kennis ook aan die registrateur van aktes in wie se aktekantoor die eiendom of reg geregistreer is, gegee gewees het; en

(bb) die balju besit geneem het van die dokument wat bewys lewer van die eienaarskap van sodanige eiendom of reg of gesertifiseer het dat hy of sy nie die dokument kon kry nie, ondanks ’n toegewyde soektog;

(ii) die balju kan, by die toon van die oorspronklike van die lasbrief vir eksekusie aan die persoon wat besit het van eiendom waarin onliggaamlike regte bestaan, die perseel betree waar sodanige eiendom is en ’n inventaris van waardasie doen van die reg waarop beslag gelê is.

(2) Beslaglegging op eiendom onderhewig aan ’n pand moet ooreenkomstig die bepalings van subreël (1)*(b)*, met die nodige veranderinge, gedoen word.

(3) Die metode van beslaglegging op eiendom kragtens artikel 32 van die Wet is dieselfde as die van beslaglegging in eksekusie, met gepaste veranderinge.

Vervanging van reël 54 van die Reëls

17. Reël 54 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**Verrigtinge teen nieregspersone as ’n kwessie van prosedurele gerieflikheid**

54. (1) In hierdie Reël beteken—

“**alleeneienaarskap**” ’n besigheid wat deur die alleeneienaar bedryf word onder ’n naam en styl wat nie sy of haar eie is nie;

“**dagvaar**” en “**gedagvaar**” word betreffende aksies en aansoeke gebruik.

“**eiser**” en “**verweerder**” ook ’n applikant en respondent;

“**entiteit**” ’n vereniging, vennootskap, firma of alleeneienaarskap;

“**firma**” ’n ongingelyfde besigheid;

“**tersaaklike datum**” die datum wanneer die skuldoorsaak ontstaan het;

“**vennootskap**” ’n reëling waarvolgens twee of meer persone onderneem om tot ’n onderneming by te dra wat hulle gesamentlik met gaan bedryf om ’n wins te maak wat tussen hulle verdeel sal word; en

“**vereniging**” enige oningelyfde liggaam van persone wat nie ’n vennootskap is nie.

(2) ’n Entiteit kan in die naam daarvan dagvaar of gedagvaar word.

(3) *(a)* Waar ’n entiteit gedagvaar word, moet die eiser ’n kennisgewing beteken waarin ’n beroep op die verweerder gedoen word om binne 10 dae ’n verklaring af te lewer wat die volle name, woon-, sake- of werksadresse van al die entiteit se vennote, eienaars of, in die geval van ’n vereniging, lede en ampsdraers, soos op die tersaaklike datum, bevat.

(b) As die verweerder in gebreke bly om ’n verklaring in paragraaf *(a)* beoog, te lewer, kan die eiser by kennisgewing by die hof aansoek dom om die

verweerder te dwing om so ’n verklaring binne vyf dae af te lewer en sou die verweerder versuim om te voldoen, kan die eiser by die hof aansoek doen om—

(i) die verweerder se verweer deur te haal, waar sodanige verweer ingedien is, en om uitspraak te lewer, wat teen die entiteit se bates tenuitvoer gelê kan word soos die reg dit toelaat;

(ii) enige persoon wat die eiser redelikerwys glo ’n lid, vennoot of eienaar van die verweerder is op die tersaaklike datum: Met dien verstande dat die aansoek, en ’n kennisgewing wat wesenlik dieselfde is as Vorm 59 saam met ’n afskrif van die dagvaarding, aan die beweerde lid, vennoot of eienaar, na gelang van die geval, beteken moet word.

(c) Die hof wat ’n aansoek in paragraaf *(b)* beoog, aanhoor, kan enige ander bevel gee soos die hof goedvind.

(d) Wanneer die name van persone ingevolge paragraaf *(b)*(ii) verklaar word, gaan die aksie voort op dieselfde wyse en met dieselfde gevolge asof die persone in die dagvaarding vermeld is, maar alle verrigtinge sal in die naam van die entiteit voortgaan.

(e) Waar die verweerder ’n verklaring in paragraaf *(a)* beoog, aflewer moet die eiser na ontvangs van die verklaring, ’n kennisgewing wat wesenlik dieselfde as Vorm 59 is, saam met ’n afskrif van die dagvaarding aan elke vennoot, eienaar, of in die geval van ’n vereniging ’n ampsdraer, beteken waarin hulle aangesê word om ’n kennisgewing van voorneme om te verweer binne 10 dae af te lewer.

(f) As ’n vennoot of eienaar of, in die geval van ’n vereniging ’n ampsdraer, versuim om verrigtinge beoog in paragraaf *(e)* te verdedig, gaan die aksie op dieselfde wyse en met dieselfde gevolge voort asof daardie persoon in die dagvaarding genoem is, maar alle verrigtinge gaan nogtans in die naam van die entiteit voort.

(g) As ’n party ontken dat hy of sy ’n vennoot of eienaar is of, in die geval van ’n vereniging ’n lid of ampsdraer, van ’n entiteit op die tersaaklike datum en die stappe uiteengesit in Vorm 59 doen, met inbegrip van die aflewering van ’n pleit, kan die hof by die verhoor besluit dat die geskilpunt *in limine* is: Met dien verstande dat die aksie in die naam van die entiteit sal voortgaan.

(4) *(a)* ’n Eiser wat ’n vereniging dagvaar kan ’n kennisgewing aan die verweerder beteken waarin vir ’n ware afskrif van die huidige grondwet daarvan en ’n lys van die name en adresse van die ampsdraers en hulle onderskeie ampte op die tersaaklike datum, aangevra word.

(b) Die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel, moet binne 10 dae na ontvangs van die kennisgewing aan voldoen word, by gebreke waarvan die eiser by die hof kan aansoek doen om ’n bevel om aan die kennisgewing te voldoen.

(c) Paragrawe *(a)* en *(b)* is van toepassing met nodige veranderinge op ’n verweerder wat deur ’n vereniging gedagvaar is.

(5) Tenuitvoerlegging van ’n vonnis teen ’n entiteit moet eers teen die bates daarvan gehef word, en ná sodanige tenuitvoerlegging indien regtens toegelaat, teen die bates van enige persoon wat geag word ’n lid, vennoot of eienaar te wees, asof vonnis teen sodanige persoon aangeteken is.”.

Wysiging van reël 55 van die Reëls

18. Reël 55 van die reëls word hierby gewysig deur subparagraaf (iii) van paragraaf *(e)* van subreël (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“ (iii) ’n keerdatum, nie minder as **[vyf]** 10 dae na betekening daarvan aan die respondent, vir skriftelike kennisgewing deur daardie respondent aan die aansoeker hetsy hy of sy voornemens is om daardie aansoek te opponeer, en stel dat indien geen sodanige kennisgewing gegee word nie, die aansoek ter rolle geplaas sal word vir beregting op ’n spesifieke dag, hoogstens 10 dae na betekening van die kennisgewing aan die respondent.”.

Vervanging van reël 60 van Reëls

19. Reël 60 van die reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

“**60. Nienakomg van reëls en hofbevele, insluitend tydsbeperkings en foute**

(1) Behalwe waar in hierdie reëls anders bepaal, is versuim om hierdie reëls of enige versoek in navolging daarvan gemaak, nie ’n grond vir die gee van ’n vonnis teen die party wat in gebreke is nie.

(2) Waar ’n party versuim om te voldoen aan enige bepaling van hierdie reëls of aan ’n versoek of kennis gegee in navolging daarvan of met ’n bevel of lasgewing deur ’n hof of by ’n regterlike saakbestuurproses of ’n voor-verhooronderhoud ingevolge artikel 54 van die Wet saamgeroep, gemaak, kan enige ander party die party in gebreke in kennis stel dat hy of sy voornemens is om, ná afloop van 10 dae vanaf die datum van aflewering van sodanige kennisgewing, om ’n bevel aansoek te doen—

(a) dat sodanige reël, kennisgewing, versoek, bevel of lasgewing nagekom word; of

(b) dat die vordering of verweer geskrap word.

(3) Waar ’n party versuim om aan die kennisgewing bedoel in subreël (2) te voldoen binne die tydperk van 10 dae, kan die aansoek by kennisgewing by die hof gedoen word om voldoening af te dwing en die hof kan sodanige bevel gee soos die hof goedvind.

(4) Die hof kan by aansoek kragtens subreël (3) die nodige opskorting van verrigtinge gelas.

(5) *(a)* Enige tydsbeperking wat deur hierdie reëls voorgeskryf word, behalwe die tydperk in reël 51(3) en (6) voorgeskryf, kan te eniger tyd, hetsy voor of ná die verstryking van die beperkte tydperk, verleng word—

(i) met die skriftelike toestemming van die ander party; en

(ii) indien sodanige toestemming geweier word, dan deur die hof op aansoek en op sodanige voorwaardes betreffende koste en andersins wat die hof goedvind.

(b) ’n Hof wat ’n verlenging toestaan van die tydsbeperking in subparagraaf *(a)*(ii) bedoel ná verstryking van die tyd voorgeskryf of vasgestel, kan sodanige bevel gee wat die hof goedvind oor die herroeping, verandering of intrekking van die uitslae van die verstryking aldus voorgeskryf of vasgestel, hetsy sodanige uitslae voortvloei uit die terme van enige bevel of van hierdie reëls.

(6) *(a)* Wanneer kort betekening sonder verlof van enige kennisgewing van terolleplasing of kennisgewing van 'n aansoek of van 'n geregtelike prosesstuk geskied het, kan die hof, in plaas van sodanige kennisgewing of prosesstuk af te wys, die verrigtinge vir ’n tydperk wat minstens gelyk is aan die tydperk van behoorlike kennisgewing, verdaag op sodanige voorwaardes soos die hof goedvind.

(b) Indien die verrigtinge in die afwesigheid van die party aan wie kort betekening geskied het, verdaag word, moet die party wat vir die kort betekening verantwoordelik is, behoorlik kennis van die verdaging aan die party aan wie kort betekening geskied het, gee.

(7) Behoudens subreël (8), is geen prosesstuk of kennisgewing ongeldig weens enige ooglopende spelfout of fout in die syfer of datum nie.

(8) Indien 'n party werklik mislei is deur enige sodanige fout in enige prosesstuk of kennisgewing wat aan hom of haar beteken is, kan die hof op aansoek sodanige verligting as wat billik geag word, verleen en kan vir daardie doel die

prosesstuk of kennisgewing tersyde stel en enige vonnis by verstek wat daarkragtens gegee is, vernietig.

(9) Die hof kan, by die aanvoer van goeie gronde, nievoldoening aan hierdie reëls kondoneer.”.

Wysiging van Aanhangsel 1 by die Reëls

20. Aanhangsel 1 by die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur Vorm 3 te vervang deur Vorm 3 in die Aanhangsel hierby vervat;

(b) deur Vorm 24 te vervang deur Vorm 24 in die Aanhangsel hierby vervat;

(c) deur Vorm 24A in die Aanhangsel hierby vervat ná Vorm 24 in te voeg;

(d) deur Vorm No. 37 te vervang deur Vorm No. 37 in die Aanhangsel hierby vervat;

(e) deur Vorm No. 37A vervat in die Aanhangsel hierby, ná Vorm No. 37 in te voeg; en

